

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

BEPLANNINGSINSTRUMENTE

Die stappe wat in die vorige artikels bespreek is, het die boer in staat gestel om die inligting wat vir erfopvolging benodig word bymekaar te kry, om die kritiese aspekte van sy betrokke boedel te identifiseer en om tot voorlopige gevolgtrekkings oor die algemene rigting van die erfopvolgingsplan te kan kom. Dit is nou tyd dat die boer met die verskillende instrumente kennis maak waarmee hy sy erfopvolgingsplan gaan uitvoer.

Daar word nie van die boer verwag om 'n kenner van elk van hierdie instrumente te wees nie. Die boer moet bloot probeer om sy begrip van die instrumente te verbreed en verder moet hy kennis dra van die tegnieke wat daarmee op sy erfopvolgingsplan toegepas kan word.

Belasting

Die oordrag van bates het verskeie belastingimplikasies tot gevolg. Die vernaamste hiervan is BTW, inkomstebelasting, kapitaalwinstbelasting, boedelbelasting, skenkingsbelasting en hereregte. Die volle effek van al hierdie belastingvorme sal in latere artikels in meer besonderhede aandag kry. Voorlopige word daar volstaan deur te sê dat die meeste van hierdie belastings 'n negatiewe invloed op die oordrag van die bates het. Die erfopvolgingsplan moet dus die volgende in aanmerking neem:

- Alle belastings wat 'n invloed het moet geïdentifiseer word;
- Die bedrag van die belasting moet akkuraat bereken word;
- Die kontantvloei-implikasie van die belastings moet in berekening gebring word;
- Alle toegewings, aftrekkings of kortings moet in aggeneem word;
- Die tydperk van bates-oordrag kan ook 'n effek op belasting hê en moet in aggeneem word;
- Daar is verskillende belastingkoerse op ouderomsgroepe en ondernemingsvorme van toepassing en dit kan 'n effek op die erfopvolgingsplan hê;
- Die manier waarop bates gefinansier word (kontant, huurkoop of bruikhuur) kan ook 'n uitwerking op belasting hê.

Dit is baie moeilik om voortydig al die moontlike belastingopsies vir 'n erfopvolgingsplan neer te lê. Die voorlopige erfopvolgingsplan moet dus voortdurend aan die toepaslike belastings getoets word om die bes moontlike voordeel te bepaal.

Besigheidsvorme

Daar is verskeie besigheidsvorme beskikbaar waarmee 'n boerdery bedryf kan word. Die vernaamste hiervan is 'n eenmansaak, vennootskap, beslote korporasie, maatskappy of trust. In die volgende artikel

sal die voordele van elkeen meer breedvoerig bespreek word. Wat nou ter sake is, is dat die erfopvolgingsplan die huidige ondernemingsvorm of –vorme in ag moet neem en dat daar ook bepaal moet word watter ondernemingsvorme vir die uitvoering van die plan gebruik gaan word. Die beste ondernemingsvorm sal beïnvloed word deur:

- Die hoeveelheid beheer wat die boer oor die boerdery en oor die bates wil uitoefen;
- Die nodigheid om eers 'n tussentydse reëling te tref (soos in die geval van minderjarige kinders) en of daar vanuit die staanspoor 'n permanente reëling getref moet word;
- Die waarde van die bates;
- Die aantal erfopvolgers;
- Boerende en nie-boerende erfopvolgers;
- Die huidige besigheidsvorm.

As daar huidig in 'n eenmansaak geboer word is daar baie opsies moontlik waarbinne die erfopvolgingsplan gestruktureer kan word. Bates kan direk verkoop of oorgedra word, 'n huurooreenkoms kan ten opsigte van die bates aangegaan word of 'n vennootskap kan tussen die boer en sy erfopvolgers aangegaan word. Indien daar huidig in 'n maatskappy, beslote korporasie of trust geboer word, hoef slegs die aandeelhouding aangepas te word en kan die bates in hierdie struktuur bly. Die erfopvolger kan 'n lid, aandeelhouer of trustee van die beslote korporasie, maatskappy of trust word sonder dat hy direkte eienaarskap in die bates hoef te kry.

Regte & sekuriteite

Sekere regte, soos woonregte, kan aangewend word om die bates na die erfopvolgers op so 'n wyse oor te dra dat die boer steeds die reg het om die bate, of gedeelte daarvan, te gebruik. Hierdie regte word gewoonlik geregistreer en waarborg eienaarskap aan die erfopvolger, onderhewig aan die lewensreg wat die boer daaraan koppel. Waar bates onderhewig aan terugbetaling van 'n skuldbedrag is, kan die sekuriteit van die uitstaande bedrag deur middel van 'n geregistreerde verband verseker word.

Testamente

Die boer se testament is 'n afdwingbare dokument wat by afsterwe in werking tree. Dit beskryf die afgestorwene se wense rakende sy eiendom en verduidelik hoe dit verdeel moet word. Die volgende opsies kan ten opsigte van die bates se oordrag gevolg word:

- **Verkoop:** Daar kan bepaal word dat die bates verkoop word en dat die kontantopbrengs tussen die erfopvolgers verdeel moet word;
- **Trusts:** Daar kan bepaal word dat 'n trust geskep moet word en dat die bates daarin geplaas moet word. Dit is veral handig in die geval van minderjarige kinders.
- **Afskrywing van skuld:** Die boer kan besluit om sekere bates aan sy erfopvolgers te verkoop terwyl hy nog lewe. By sy afsterwe sal die uitstaande skuld ten opsigte van die bates deel van die boedel moet vorm maar die testament kan dan bepaal dat die skuld as 'n erfporisie afskryf word.

Lewensversekering

Lewensversekering kan gebruik word om nie-boerdery bates binne die boedel te skep. Lewenspolis kan deel van die gemeenskaplike boedel vorm of dit kan ook direk aan erfgename begunstig word.

Lewenspolisse is 'n belangrike instrument van erfopvolging waardeur daar vir kontant tydens afsterwe gesorg kan word en om vir nie-boerende gades of erfopvolgers te sorg.

Slotsom

Net soos wat houtwerkinstrumente verskeie resultate in verskillende skrynwerkers se hande sal oplewer, so sal erfopvolgingsinstrumente ook verskeie resultate onder verskillende omstandighede oplewer. Dit is belangrik dat daar kennis gedra moet word van die werking, voor- en nadele van elke instrument wanneer die erfopvolgingsplan opgestel word. Die unieke omstandighede van elke boedel en die persoonlike behoeftes van die boer en sy erfopvolgers, sal bepaal hoe die verskillende instrumente ingespan gaan word om die beste erfopvolgingsplan te formuleer. Uiteindelik moet al die betrokke partye tevrede gestel word terwyl die plan bekostigbaar en ekonomies uitvoerbaar moet wees.

BETHLEHEM
September 2003